SAAK NO. 1534/12

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
(NOORD-KAAPSE HOË HOF, KIMBERLEY)

KIMBERLEY: DIE **5DE** DAG VAN **SEPTEMBER 2012**

VOOR SY EDELE REGTER TLALETSI

In die saak van:

| | |
|---|---|
| KAAP AGRI BEDRYF BPK<br>(Reg nr. 1995/000336/06) | APPLIKANT |
| En | |
| WERNER KOORTZEN<br>(Id nommer 730514 5213 084)<br>(Gebore op 14 Mei 1973)<br>(Getroud in gemeenskap van goedere<br>Met MARINDA KOORTZEN,<br>Id nr 720118 0025 089) | 1STE RESPONDENT |
| MARINDA KOORTZEN<br>(Id nommer 720118 0025 089)<br>(Gebore op 18 Januarie 1972)<br>(Getroud binne gemeenskap van goedere<br>Met WERNER KOORTZEN,<br>Id nr 730514 5213 084) | 2DE RESPONDENTE |

---

NA AANHOOR van ADV PIENAAR namens die Applikant en na deurlees van die betrokke stukke;

**WORD GELAS:**

1. DAT die boedels van die eerste en tweede Respondente onder voorlopige sekwestrasie in die hande van die Meester van die Agbare Hof geplaas word;

2. DAT 'n voorlopige bevel uitgereik word wat die genoemde Respondente oproep om in hierdie Hof op **5 Oktober 2012** om **10h00** redes, indien enige, aan te voer waarom 'n finale sekwestrasiebevel nie teen die Respondente se boedel en/of boedels toegestaan sal word nie;

3. DAT hierdie bevel, tesame met 'n afskrif van die kennisgewing van mosie, funderende beëdigde verklaring en aanhangsels daartoe aan die Respondente persoonlik beteken moet word;

4. DAT die balju gelas word om vas te stel of die Respondente oor enige werknemers beskik, en indien wel, of die werknemers deur 'n geregistreerde vakbond verteenwoordig word en vas te stel of daar 'n kennisgewingbord op Respondente se perseel is waartoe die werknemers toegang het;

5. DAT hierdie bevel moet beteken word op:

5.1 Enige geregistreerde vakbond wat deur die Respondente se werknemers verteenwoordig word;

5.2 Die Respondente se werknemers, deur 'n afskrif van die aansoek aan te bring op die kennisgewingbord op die Respondente se perseel waartoe die werknemers toegang het, of indien daar geen toegang tot die perseel deur die werknemers is nie, deur 'n afskrif tot die toegangshek waar toepaslik, of so nie op die voordeur van die perseel van waar die skuldenaar ten tye van die voorlegging van die aansoek enige besigheid bedryf het; en

5.3 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

6. DAT die koste van hierdie aansoek, koste van die sekwestrasie van die boedel en/of boedels van die Respondente sal wees.

**DEUR DIE HOF**

R VAN TONDER
GRIFFIER

E+M